Ps. 48:1,5.
" 105: 3,5
Ges. 31:1,2,3.

My Huis 'n Godshuis. PK-Biddag S.S. 19.8.56.

Deutr. 6:1-12.
Ps. 127.

Deutr. 22:8 - As jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n leuning aan jou dak maak.
Ps. 127:1- As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou.

Die jaarlikse biddag vir Sondagskole herinner ons baie duidelik aan 'n paar uitstaande feite waarvan , na ons mening, die volgende vier die belangrikste is:
(1) Die groot aandeel wat die Kerk het en graag wil hê in die geestelike opvoeding van die kind - soos bewys deur sy aandeel in die Sondagskool en die kategetiese onderrig as voorbereiding tot lidmaatskap van die kerk. (Dank ouers)
(2) Maar hierdie biddag herinner ons ook aan die feit dat die kerk nie die enigste is wat bou aan die lewe van die kind nie: dat die dagskool 'n groot en belangrike rol speel in die karaktervorming van die kind.
(3) Kerk en skool is egter bykomende faktore - hoe snaaks dit ookal vir sommige mag klink. Want die ouerhuis is en bly die lewende spil, die kragkern waarom die wel en wee van die kind se vorming draai. Nog onlangs het Dr. W. Nicol, die Administrateur van Transvaal, verwys na 'n ondersoek wat in België, ingestel is i.v.m. jeugmisdaad waaruit geblyk het dat in daardie land die kerk slegs 1% van die vormende invloede op die karakter van die kind uitgeoefen het, die skool 4% en die huis 95%. Goddank dat in ons land ons met vrymoedigheid kan sê dat kerk en skool 'n baie groter invloed uitoefen as dit.

Dit neem egter niks weg van die grondwaarheid dat die kerk die kind slegs 1 tot 2 uur per week het, die skool 25 tot 30 uur per week terwyl die ouer die kind het van sy eerste tot sy sesde jaar, dan 60 uur per week gedurende sy skooljare ( as hy uit sy ouerhuis skoolgaan) met 'n bykomende driemaande elke jaar gedurende sy vakansietye.

(4) Die belangrikste feit waaraan hierdie dag ons egter herinner is dit: dat dit weer tyd g geword het om te bid - te bid soos nog nooit vantevore nie. Te bid:

a) Vir ons jeug; wat in hulle duisende en miljoene besig is om die prooi te word van jeugmisdaad, sedelike verwildering en geestelike verwording. 'n Mens sidder as jy in die dagblad lees dat die direkteur van die federale speurdiens in die V.S.A. sê dat 42% van Amerika se misdaad van 1955 gepleeg is deur jeugdiges onder 18 ( waarvan ½ deur jeugdiges van 15 of jonger). En dan voeg hy daarby:
"Die toenemende jeugmisdadigheid is 'n nasionale tragedie wat die land se toekoms bedreig"

En as iemand sou sê: Ag, dis maar net Amerika, laat my u dan daaraan herinner dat in S.A. daar jaarlikse 10,000 blanke seuns en jongmense in ons howe veroordeel word waarvan 2000 vir ernstige misdade - om die ander syfers van toename in jeugmisdaad van 1945 tot 1953 nie eers te noem nie: 90% toename vir groep 17-20 jr.

b) Vir onsself; Want die grondoorsake van hierdie dinge moet gesoek word nie by die jongmense in die eerste plek nie, ook nie by die skool of by die kerk nie - maar by onsself as ouers en opvoeders van die jeug. Want hierdie jeugmisdadigers is die noodwendige produkte van duisende ontwrigte en verbrokkelde huisgesinne, verwoes deur drank, huweliksontrou, egskeiding en geestelike verval. „Hulle struikel op 'n weg wat hulle nie gemaak het nie en verval in 'n wêreld wat hulle nie geskep het nie. Noukeurige ondersoek bring aan die lig dat byna 90% van die jongmense wat eindelik voor die jeughof, in die verbeteringskool en gevangenis beland, hul knou gekry het in die huis en omgewing waar hulle gebore is. Sommer daar - so rondom hulle wieg - is ook hulle graf gegrawe! (Kerkbode 1 Aug).

– Geweld magteloosheid, sinisisme, wanhoop.

En as ons na die grondoorsake gaan soek, hoef ons nie ver te soek nie. Ten spyte van al die veelvuldige uitsprake en ondersoeke en

sogenaamde wetenskaplike gegewens van sommige ondersoeke, stem alle objektiewe ondersoekers ooreen dat die vernaamste oorsake die volg.is:

(1) Jongmense wat nie meer weet wat die huwelik is nie: Ek praat nou nie van jongmense wat nie lidmaat is nie - ek bedoel jongmense wat belydenis gedoen het en as lidmate van die kerk toetree tot die huweik. Hoeveel van hulle, as hulle eerlik wil wees, sal erken dat hulle die huwelik sien (soos duisende ander rondom hulle vandag dit sien) as(a) 'n tydelike verbintenis wat verbreek kan word sodra die wêreld vir een of albei te moeilik word; óf (b) 'n verbintenis waarin elkeen wil kyk hoeveel hy uit die huwelik kan kry en nie hoeveel elkeen daaraan en daarin gaan belê. Is dit nie hierdie gees wat ten grondslag lê van die meeste egskeidings nie?

(2) Ouers wat nie meer ouers is nie: Ek praat nou nie van ouers wat niks van God en sy kerk weet nie - ek bedoel ouers wat plegtig die doopbelofte afgelê het en tog nie begryp of wil verstaan wat dit inhou nie: Dat dit inhou die woord van God aan Israel in Deutr. 6:7 „En jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan".Maar nou: as 'n vader sulke lang ure werk ( miskien net om meer geld te kry) of so besig is met sy sosiale verpligtinge dat hy geen tyd of lus het om rustig in sy huis met sy vrou en kinders te verkeer nie - hoe kan hy dan nog ouer wees? En as die moeder nog ook voltyds werk net om meer geriewe en 'n groot inkomste of duurder meubels in die huis in te bring sodat sy so moeg en gespanne is aan die einde van die dag dat die liefde wat sy aan haar man en kinders gee net soos haar kos is: óf opgewarm of blikkieskos - hoe durf sy haarself dan nog moeder noem?

(3) Huise wat niks meer is as losieshuise: Ek praat nie nou van losieshuise nie - ek bedoel ouerhuise waar die man net kom eet en slaap, ouerhuise waar die vrou haar taak

taak sien as 'n siellose, vervelige sleur sonder besieling of sin, ouerhuise waar die kinders net hulle boeksakke kom neergooi en dan weer uitstorm na die bioskoop of die sportveld of die straat. Hoe kan 'n mens 'n samelewing bou met sulke huise waar man en vrou nooit gesoek het om die huis die middepunt van die familie se lewe te maak nie?

(4) Altare wat nie meer Godsaltare is nie: Ek praat nie nou van heidense altare uit die ou tyd nie - ek bedoel al die afgodsaltare wat ons moderne mense in ons huise opgerig het in die plek van die ou, eenvoudige huisaltaar. Daar is die duur drankbuffet: een van die altare waar duisende aanbid; daar is die draadloos en die dagblad; daar is die dobbelspele en die loterye - almal afgodsaltare waarvoor duisende buig; daar is die sondige aandag wat gegee word aan sport en seks: aan die uiterlike skoonheid van die liggaam ten koste van die saligheid van die siel.

O, hoeveel huise is daar waar God nog nooit waarlik gedien word nie - wat nog te sê die middepunt van die huis geword het!
Nog nooit die waarheid ontdek van ons tekswoord: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou"!

Maar dit is nie genoeg om hierdie dinge te noem nie. Dis maklik, baie maklik, om te wys op oorsake van misstande en afwykinge - maar wat van die oplossing? Ons wil nie voorgee dat ons die wysheid in pag het nie - nee: Maar ons wil met die diepste oortuiging van ons siel sê: Gods Woord alleen het die antwoord en die oplossing. Ek dink aan die woord van die Here aan die volk van ouds: As jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n leuning aan jou dak maak. Vir die platdakhuise van die Ooste was dit 'n onmisbare vereiste as die dak iets moes beteken. So 'n dak het gewoonlik vier leunings gehad wat moes dien om die dak veilig, dienlik en bruikbaar te maak vir die huisgesin.



Ons wil ook vier sulke leunings noem:

(1) Gee aan ons jeug die Christelike huwelik terug: Drie groot grondwaarhede van die huwelik moet ons as ouers weer aan ons kinders gaan leer: die heiligheid, die onverbreekbaarheid en die heerlikheid van die huwelik. Die heiligheid: Dat dit God is wat die huwelik ingestel het en dat dit daarom heilig is - dat die liefde uit God is en dat die egband 'n Godsband is. Dan sal ons jongmense ook weer verstaan dat alles wat die huwelik voorafgaan en alles wat in die huwelik voorgaan, geheilig is en dat geen Christenjongman of dame iets sal dink of sê of doen voor of na die huwelik wat die heiligheid daarvan sal besoedel nie!

Die onverbreekbaarheid: Wat God dan saamgevoeg het, sal geen mens skei nie". So spreek Gods Woord. En so bevestig elke bruidspaar dié waarheid as hulle JA antwoord op die vraag: „Beloof u om hom/haar nooit te verlaat nie." Maar glo ons dit nog? En sê ons as ouers dit genoeg vir ons kinders? Geen agterdeure!

Die heerlikheid: Die Christelike huwelik is soos 'n boom wat gesond is: hoe ouer dit word hoe meer dra dit vrug. Sien en glo ons jongmense dit genoeg: dat die wittebroodsdae nie die hoogtepunt van die huwelik is nie, maar die aanvangspunt? Hoeveel egpare is daar nie wat met 'n weemoedige verlange wat grens aan die patetiese terughunker na die eerste - en miskien ook die enigste - geluk van die bruidstyd? In plaas van elke dag te ondervind dat die innerlike harmonie van hart en gees hulle elke jaar groter geluk skenk as die vorige?

(2) Gee aan die kind weer sy ouerhuis terug: Ons kan dit byna so stel: gee aan elke kind weer 'n ware vader en moeder - 'n vader wat die hoof is van die huis, wat sy kinders opvoed in liefde en tug, wat sag en teer kan wees maar ook sterk en trou. Gee aan elke

gesin weer 'n moeder wat haar hoogste vreugde vind in die liefde wat sy uitgiet aan man en kind, in die stille en heerlike diens wat sy- en sy alleen- kan bied. Gee aan elke gesin weer 'n moeder [ouers] vir wie haar huis haar koninkryk is - al sal niemand daarbuite haar as die koningin raaksien of erken nie. Gee aan ons kinder sulke ouers - en ons toekoms is seker!

(3) Gee aan ons opvoeding weer 'n lewensinhoud:
Onwillekeurig vra 'n mens jouself af as jy dink aan die huidige verwarde/doelstellings in die onderwys: en botsende
Waarheen stuur ons? Waarop mik ons met ons onderwys in skool en kerk? Weet ons presies wat ons wil bereik? Wat is die doel van ons Sondagskole, ons katkisasie, ons doop? Weet ons lidmate dit?
En is ons dagskole: wat wil ons bereik? Is ons hoogste strewe om mense vir bepaalde beroepe voor te berei? Of om 'n sekere standaard van kennis te behaal? Is dit al?

(4) Gee aan die ouerhuis weer 'n huisaltaar:
Weer onderstreep ons die woord; As die Here die huis nie bou nie......" Dit is God wat so spreek - en die ondervinding bevestig dit. Die eerste fyn barsies in die huislike geluk begin altyd kom waar die Bybel nie meer gelees word, waardie familie nie meer saam bid nie, waar die naam van God nie meerv gehoor word . Vir 'n tyd lank kan dinge nog gaan, kan die bande nog die huwelik hou; maar vroeër of later val alles uitmekaar. Die herstel van d die huisgesin begin altyd by die huisaltaar.
Maar dan 'n altaar waarop die Offerlam helder brand!

Dank God, ek weet daar is honderde sulke huise in ons gemeente, duisende sulke huise in ons kerk en onder ons volk. En juis omdat dit so is daarom wil ek vanmore pleit met al die erns van my siel:

1. Laat ons dan ons hande, ons harte en ons gebede verenig, laat ons ons kragte saamsnoer en 'n kruistog begin vir die herstel van die huisgesin. Laat ons uitgaan en gaan
2. getuig van die geheim van die geluk van ons eie huwelik en huis: nie om op onsself te roem nie, maar om in God te roem. Laat ons
3. nagaan waar ins ons buurte, ons straat, ons wyk ~~ix~~ daar êrens 'n huwelik of 'n huisgesin is. waar hierdie geluk ontbreek of besig is om verbreek te word: en laat ons dan nie rus voordat ons alles gedoen het om hulle huis weer 'n Godshuis te help maak nie.

4. Hierdie werk is nie die plig van predikant of kerknálleen nie: dis die roeping en verantwoordelikheid van elke man en vrou, van elke ouer wat homself Christen noem. Laat ons glo dat God dit wil gee - en laat ons in daardie geloof die kruistog laat word 'n segetog.

Amen.